Wat is Militarisme?

Militarisme is Nie Net Oor Konflik Nie!

Militarisme is nie net die teenwoordigheid van oorlog of militêre instellings nie, en is nie beperk tot die slagveld of groot en ryk state nie. Dit is diepgaande. Militarisme omvat 'n stel waardes gewortel in rigiede patriargale konstruksies van geslag, waardeur mans en seuns gesosialiseer word om te glo dat geweldadige manlikheid ideaal is. Kulture van militarisme laat State en nie-Staatspelers toe om strafloos vrouehatende, rasistiese, homofobiese, klasverdeelde en xenofobiese agendas te volg om mag en beheer te behou. Nie net normaliseer hulle seksuele en fisiese geweld teen vroue tydens oorlog nie, maar kom ook hulle menseregte te na tydens vrede.

Militarisme Beïnvloed Menslike Sekuriteit en Ontwikkeling!

Besteding op wapens, semimilitêre opleiding, verdedigingsprogramme en militêre operasies verhinder menslike sekuriteit en kom ten koste van ontwikkeling. Volgens die Stockholm Internasionale Vrede-navorsingsinstituut, het militêre besteding in 2011 rekordhoogtes bereik met meer as $1.735 triljoen. In 2010 het die Internasionale Vredesburo bereken dat die ekstra jaarlikse koste wat nodig sou wees om die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte te bereik, slegs 'n fraksie van militêre besteding was ($329 biljoen). Doelwitte wat bereik kon word, was:

- **Kindersterftesyfer en verbetering van gesondheid: $10 biljoen**
- **Omgewingsvolhoubaarheid: $155.6 biljoen**
- **Uitwis van uiterste armoede en honger: $102 biljoen**
- **Globale vennootskap vir ontwikkeling: $40 biljoen**
- **Bevegting van HIV/Vigs, malaria en ander siektes: $14.2 biljoen**
- **Universele primêre onderrig, bevordering van geslagsgelykheid en vrouebemagtiging: $7.2 biljoen**

Prioritisering van militêre besteding kos geleenthede en maak deure toe vir vroue om onderrig en professionele doelwitte na te streef, aangesien State sosiale welsynsbegrotings sny met die aanname dat vroue sal opmaak vir sorg en dienste wat families verloor. Deur die aanspreek van sosiale ongelykheid af te skeep ten gunste van besteding op konflik, veroorsaak State onstabiliteit binne hulle grense. Hoë en volgehoue militêre besteding vererger armoede en ekonomiese onstabiliteit, en verleng konflik — belangrike aandrywers vir skendings soos mensehandel, vroeë en geforseerde huwelike en intieme lewensgenoot geweld.

Militarisme Beskadig die Omgewing en Verteer Ons Hulpbronne!

Militarisme verswak omgewings — newe-effekte wat meestal vroue en meisies swaar tref. In vredetye hou militêre aktiwiteite aan om enorme hoeveelhede grond, energie en hulpbronne te gebruik. Byvoorbeeld:

- **Hoë olieverbruik deur 'n weermag dra by tot globale verhitting wat die omgewing beïnvloed, insluitend toegang tot hernubare hulpbronne en diere se natuurlike habitat.**[i]
- **Buiten grond besit deur wapenproduserende maatskappye, is dit in 1981 beraam dat tussen 750,000 en 1.5 miljoen vierkante kilometer grond in vredetye onder direkte militêre gebruik is wêreldwyd.**[ii]

Oorweldigende syfers soos hierdie, tesame met globale verhitting en vernietiging van grond wat gebruik word vir oorlogspel, kombineer om voedsel- en watertekorte en verspreiding van siektes te vererger. Dit het veral 'n effek op landelike en inheemse vroue, wie se lewensbestaan afhanklik is van die welstand van die omgewing. Militarisme verteer menslike hulpbronne, forseer vroue en meisies om broodwinners te word; dikwels in omgewings wat reeds hulle sosiale en ekonomiese regte beperk, soos toegang tot grondregte en erfenis.

Militarisme Bedreig Vroue-menseregteverdedigers!

Vroue-menseregteverdedigers speel 'n belangrike rol regoor die wêreld om vroue geraak deur militarisme se regte te bepleit. Deur tradisionele geslagsrolle te ontwortel en op te staan teen Staat- en nie-Staatspelers, is hierdie verdedigers self teikens vir dreigemente, aanranding, en selfs moord. Militarisme se doeltreffendheid spruit voort uit 'n vermoë om begroting vir oorlog uit te maak as noodsaaklik en vredetyd mobilisasie as normaal, ten koste van belegging in vroue se menseregte. Dit is noodsaaklik om vroue-menseregteverdedigers te ondersteun en militarisme aan te spreek, en sodoende vroue en meisies se gelykheid te verseker in alle aspekte van hulle lewens.

Hulpbronne

Om die skakels tussen geslag, militarisme en ander sosiale geregtigheidskwessies verder te ondersoek, lees asseblief die onderstaande publikasies:

- Burke, Colleen. (1998) "Women and Militarism." http://ec.europa.eu/justice_home/daphnetoolkit/files/projects/1998_043/women_and_militarism_1998_043.pdf
- Enloe, Cynthia. (2000) *Maneuvers: The International Policies of Militarizing Women's Lives.* Berkeley, Calif: University of California Press. http://www.ucpress.edu/book.php?isbn=9780520220713
- Erturk, Yakin. (2013) "The quest for gender-justice peace: from impunity to accountability." http://www.opendemocracy.net/5050/yakin-erturk/quest-for-gender-just-peace-from-impunity-to-accountability
- International Peace Bureau. (2012) "Opportunity Costs: Military Spending and the UN's Development Agenda." http://www.ipb.org/uploads/tbl_noticies_web/169/documents/Opportunity%20Costs%20web
- International Peace Bureau. (2011) "What Does Development Cost?" http://www.ipb.org/uploads/tbl_contingut_web/210/documents/What%20does%20development%20cost.pdf
- Ostling, Kristen. (1992) "The Impact of Militarism on the Environment." in Peace Magazine. http://www.peacemagazine.org/archive/v08n3p08.htm
- The Women Peacemakers Program's "Gender & Militarism: Analyzing the Links to Strategize for Peace" campaign: https://www.womenpeacemakersprogram.org/gender-and-militarism-campaign

Vir meer hulpbronne, besoek http://16dayscwgl.rutgers.edu/resources

---

[i] Karbuz, S. (2007). US military oil pains. *Energy Bulletin*. Retrieved from http://www2.energybulletin.net/node/26194http://www2.energybulletin.net/node/26194

[ii] Levy, B. S., & Sidel, V. W. (2008). *War and public health*. New York: Oxford University Press.